WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN MERWEVILLE VIER WêRELD VOEDSELDAG

TOESPRAAK DEUR COBUS DOWRY, MINISTER VAN LANDBOU IN DIE WES-KAAP -
WêRELD VOEDSELDAG VIERINGE MERWEVILLE,
10 OKTOBER 2008

Geagte Programdirekteur, Mr Michel Arnoult from the FOA, Mnr Terrence Fife (nuut aangestelde HUB van Casidra), Senior Amptenare van die Departement van Landbou in die Wes-Kaap, dames en here,

Wêreld Voedseldag is ŉ baie belangrike datum op die landboukalender, nie net hier by ons nie maar dwarsdeur die wêreld, aangesien 16 Oktober die datum is waarop die Voedsel en Landbou Organisasie van die Verenigde Nasies in 1945 gestig is. Wêreld Voedseldag bied aan ons die geleentheid om weereens die lig te laat val op die 923 miljoen ondervoede mense in die wêreld, waarvan die meeste in die landelike gebiede woonagtig is en wie hoofsaaklik van die Landbou Sektor afhanklik is.

Die tema vir Wêreld Voedsel Dag 2008 is "DIE UITDAGING VAN KLIMAATSVERANDERING EN BIO ENERGIE".

Die tema is 'n hele mond vol en dit verwys na die invloede van die verandering van die klimaat op die beskikbaarheid van voedsel asook die invloed wat die vervaardiging van bio-energie produkte soos bio-diesel en bio-brandstof op die produksie van kos vir menslike gebruik kan hê. Ek wil egter met u praat oor die kwessie van voedselsekuriteit. Met ander woorde ek wil met u praat oor die belangrikheid van genoeg kos en wat ons as Departement doen om u te help om deel te word van die mense wat kos produseer, nie net om te eet nie, maar ook om vir uself ŉ inkomste te verdien.

Verlede jaar was die syfer wat deur die FOA bekend gemaak is, van mense wat dwarsdeur die wêreld honger ly, 850 miljoen. Soos ek reeds gesê het, het dit het nou toegeneem tot 923 miljoen. Dit is kommerwekkend dat daar nie ŉ afname in hongersnood is nie, maar dat daar wel ŉ toename van om en by 75 miljoen binne een jaar is. Dit is ten spyte van die ondernemings wat tydens die wêreld voedsel beraad wat in 1996 in Rome gehou is en ook weer 5 jaar later tydens die wêreld voedsel beraad in 2002, waar wêreldleiers hulle daartoe verbind het dat hierdie syfer teen 2015 met die helfte verminder moet wees.

U sal met my saamstem dat elke mens op hierdie aarde die reg het om gereelde toegang te hê tot genoegsame, voedsame en kultureel aanvaarbare voedsel om ŉ aktiewe gesonde lewe te lei. Dit is die reg van elkeen om

hom of haarself op ŉ waardige wyse te voed eerder as om gevoer te word.

Die reg tot voedsel is nie net ŉ ekonomies morele en politieke werklikheid nie, maar daar rus ook ŉ wetlike verpligting op regerings dwarsoor die Wêreld om seker te maak dat daar genoeg voedsel is vir die mense van daardie die land.

Die Regering van die Wes-Kaap is baie ernstig oor voedselsekuriteit aangesien die grondwet van ons land voedselsekuriteit as ŉ basiese mensereg beskou.
Daarom is dit die reg van elke Suid-Afrikaner om te alle tye toegang te hê tot genoeg veilige en voedsame voedsel en maak die Departement van Landbou in die Wes-Kaap jaarliks in sy begroting voorsiening vir die vestiging van voedseltuine en ander projekte om van ons mense in staat te stel om selfvoorsienend te wees deur middel van hierdie projekte.

We say that we recognise food security as a priority and it is our duty to create sustainable interventions to prevent food insecurity through agricultural solutions as a contribution to a sustainable safety net.
And in our Mission Statement it is very aptly stated and I quote: “To enhance the economic, ecological and social wealth of the people of the Western Cape through reducing hunger in the Western Cape.”

Ons is gelukkig dat Suid-Afrika selfonderhoudend is wat die beskikbaarheid van voedsel aan betref, maar ten spyte hiervan is daar baie mense wat daagliks honger ly en selfs gevalle waar mense aan wan- en ondervoeding ly. Die hartseer hiervan is dat dit in baie gevalle ons kinders en bejaardes is wat die swaarste getref word. In baie gevalle is die kos beskikbaar, maar mense het nie die finansiële middele om dit te koop nie. Met ander woorde, mense ly honger as gevolg van armoede.

Dit is om hierdie rede dat die voedselsekuriteitsprogram van die Departement van Landbou in die Wes-Kaap op twee bene staan, naamlik om programme te volg wat daarop ingestel is om mense in staat te stel om die nodige finansiële middele te bekom en sodoende armoede te verlig en tweedens is ons daarop ingestel om ons mense te help om hulle eie voedsel te produseer.

Binne die Departement van Landbou in die Wes-Kaap het ons oor die laaste paar jaar ‘n nuwe program gevestig met die naam van FSD of anders gestel Farmer Support and Development. Die mandaat van hierdie program is om om te sien na voedselsekuriteit, vestiging van nuwe boere, verdere ondersteuning van nuwe boere en ook die ontwikkeling van plaaswerkers.

Die sub-program Voedsel Sekuriteit koördineer en vestig nuwe

voedselproduksie projekte wat op hulle beurt weer inpas by die geïntegreerde voedsel sekuriteit strategie van die Nasionale Departement. Ons het ook amptenare in die vyf streke wat baie nou met die gemeenskap werk om voedseltuine te vestig wat aan families of gemeenskappe voedsel kan voorsien.

Dit het onder ons aandag gekom dat die werkloosheid in hierdie omgewing waar u woon, amper 90% is, en daarom maak baie van u staat op die maatskaplike toelae van die regering af. U area is deur die vorige President geïdentifiseer as een waar daar op ’n praktiese manier ’n oplossing gevind moet word om u kwaliteit van lewe te verbeter.

By landbou is dit ons uitgangspunt dat waar mense gesond genoeg is en daar ’n wil is om te werk, daar probeer ons u in staat stel om u eie bestaan te maak.

Verlede jaar het ons aan 40 families van Murraysburg, 25 hoenders gegee om ’n boerdery te begin, met ander woorde ons het 1000 hoenders vir die mense van Murraysburg gegee om hulle lewensomstandighede te verbeter. Ons sal later hoor hoe dit met die hoenders vir Afrika projek in Murraysburg gaan.

This year the Department has delivered 39 starter packs to vulnerable households in the form of indigenous fowls to enable them to meet their dietary requirements. Each household received 20 chickens and an additional 15 households will receive chickens during November 2008.

We have also thought it good to institute a Rams project whereby we seek to improve the genetic make up of the livestock, for the improvement of economic traits such as growth rate and carcass quality, through the introduction of new rams. The project is introduced to counter an inbreeding problem encountered by emerging farmers. We have purchased 5 sheep rams and 1 goat ram. The project will support six groups of farmers farming on a commonage land.

A Community vegetable garden is been established in collaboration with the National Development Agency. The food garden project also collaborates with the nursery that will supply seedlings for the garden. The nursery and food garden will operate as one project.

In addition, the Department is collecting non-perishable foodstuff, clothing and books to build a food mountain that will be given to the indigent households in the community.

Die departement is by baie projekte betrokke en ons vestig elke jaar nuwe projekte met die hulp van ons beamptes wat in die verskillende Distrikte saam met die gemeenskap werk. Daar is die afgelope jaar 61 nuwe projekte gevestig vanaf die bestaande 133 van verlede jaar. Dit is

ʼn vermeerdering van 45.8% en dit lyk nou so:

1. Kaap Wynland 30 projekte met 10 nuwes tot 40
2. Metropool 21 projekte met 17 nuwes tot 28
3. Weskus 30 projekte met 7 nuwes tot 37
4. Eden 22 projekte met 11 tot 33
5. Sentraal Karoo 4 projekte met 8 tot 12
6. Overberg 26 projekte met 8 tot 34

Landbou speel ʼn belangrike rol in elkeen van ons se lewe. Ek wil so ver gaan as om vir u te sê dat sonder Landbou kan ons nie bestaan nie. Kyk maar net rondom u en u sal sien. Waar kom die klere vandaan wat u aan het? Waar kom die kos vandaan wat u eet? Waar kom die h out vandaan
waarmee baie meubels van gemaak word en so kan ek aangaan.

Ons wil hê dat u ons vennote moet word om landbou in die Wes-Kaap te laat groei. U moet saam met ons daaraan werk dat ons kan sorg dat daar genoeg kos op die tafel is. Daardeur gaan u nie net sorg dat u nie honger ly nie, maar gaan u ook sorg dat u ʼn inkomste het om van te leef.

Hierdie regering het in die verkiesing van 2004 met u ‘n kontrak aangegaan om armoede te beveg deur planne te implementeer en projekte in werking te stel waarby u as individue en as gemeenskap baat sal vind. So byvoorbeeld spandeer ons in die Departement van Landbou in die Wes-Kaap amper 80% van ons totale begroting op programme en projekte wat
daarop gemik is om die ongelykhede van die verlede uit te wis.

Ek wil ook terselfdertyd vir u as gemeenskap vra om u kinders bewus te maak van Landbou sodat hulle miskien eendag ʼn loopbaan in Landbou kan volg. Ons stel beurse aan jong kinders van plaaswerkers beskikbaar om op Elsenburg te kom studeer in landbou. Ons borg programme saam met ander regerings om van ons plaaswerkers oorsee te stuur om te gaan leer hoe word kaas en wyn gemaak in ander lande.

Ons wil hê dat u moet weet dat u nie alleen staan in u geveg teen armoede nie. Ons wil nie hê dat u moedeloos moet wees nie. Ons wil hê dat u mense van hoop moet wees.

Ons wil welvaart skep sodat ons mense nie van maatskaplike pensioene en kindergrants afhanklik moet wees nie U moet nie na ander mense kyk om die dice vir jou reg te laat val nie. Jy moet jou eie dice skommel en homself gooi. Hou op om na ander te kyk vir ʼn aalmoesie anders gaan jy ʼn mens sonder hoop bly vir die res van jou lewe.

Ons het vandag hiernatoe gekom om vir u nuwe hoop te gee. Ek vra vir u om saam met ons te werk en te sorg dat hierdie programme oor ‘n jaar

van nou af, nie meer programme of projekte sal wees nie, maar volwaardige boerderye wat aan u ‘n behoorlike inkomste sal verskaf en terselfdertyd sal sorg dat daar kos op die tafel is.

Ten slotte wil ek my dank uitspreek teenoor die mense en organisasies wat ‘n bydrae gelewer het om kospakkies saam te stel wat aan die gemeenskap van Merweville oorhandig kan word. Op hierdie manier het u ook u deel aan die geveg teen hongersnood onder ons mense.

Navrae/Enquiries:

Alie van Jaarsveld
084 604 6701

Alie van Jaarsveld
Spokesperson
Ministry of Agriculture: Western Cape
Tel: (021) 483 4930
Fax: (021) 483 3890
Cell: 084 604 6701
E-mail: avjaarsv@pgwc.gov.za

A Home for All ~ 'n Tuiste vir Almal ~ iKaya Lethu Sonke
www.capegateway.gov.za